IMMER VOORWAARTS

# HOËRSKOOL BONNIEVALE NUUSBRIEF

*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*
*Goed, beter, beste!*

11 September 2026
**NUUSBRIEF 28/2026**

**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **Netbal:** Baie sterkte aan die o.17-netbalspan wat môre, **12 September**, aan die Wes-Kaap Fast 5-toernooi te Parel Vallei Hoërskool gaan deelneem. Ons weet sommer dat dit baie goed gaan gaan.

2. **Atletiek:** Dit is 'n nuwe seisoen en ons atlete moet nou weer begin aantree! Mnr. Brink oefen tans op **Dinsdae** en **Donderdae** vanaf **16:00** tot **17:00** met die groep. Ons doen voorseisoen-aktiwiteite vir kondisionering. Atlete is reeds geïdentifiseer (volgens vorige prestasies) vir MOONTLIKE deelname aan die Top 10 byeenkoms wat teen **einde Oktober** plaasvind en hulle moet asb. gereeld kom oefen. Ander atlete is steeds welkom om te kom oefen, want ons berei voor vir die volgende seisoen. Atlete wat in velditems presteer moet ook kom oefen, aangesien beter tegniek (wat ons in die vierde kwartaal oefen) nie alleen bydra tot hul prestasies nie. Daar is baie waarde in kondisionering - vir ALLE items. Ouers moet asb. help en hul kind aanmoedig om die oefeninge by te woon. Ons het baie talent onder ons leerders, maar nie almal kies om dit te gebruik en ontwikkel nie. **Die eerste stap is om by oefeninge op te daag!**

3. **Uitkomtyd:** Skool kom op **Maandae om 14:00** uit. Dinsdae - Vrydae bly gewone tyd.

4. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | |
|---|---|
| Vr. 11 Sep | Swellendam Aflosbyeenkoms |
| Sa. 12 Sep | Juf Adéle le Roux verjaar<br>Juf Lizaan Coetzee verjaar<br>Rugby o.11 & o.13 (7's) te Paul Roos<br>Netbal o.17 Fast 5 te Parel Vallei Hoërskool |
| Vr. 18 Sep | Gr.1 & Gr.2 Uitstappie<br>Langeberg Tennis Akademie |
| Sa. 19 Sep | Langeberg Tennis Akademie |
| So. 20 Sep | Juf Isabella October verjaar |
| Ma. 21 Sep | VRL verkiesing |
| Di. 22 Sep | Me Jamielee Fortuin verjaar<br>HSB Revue<br>Sportfoto's |
| Wo. 23 Sep | Gr.3 Entrepreneursdag<br>Skool sluit |



Vriendelike groete vanuit die kantoor.



**Mnr. R. Olivier**
Skoolhoof

Yster slyp
Yster,vriende vorm
mekaar.

